Woensdag 1 April
Skrifgedeelte: Genesis 3:6-21
Fokusgedeelte: Genesis 3:21

## God se genade beskik die eerste offer

Ons eerste voorouers was ongehoorsaam aan die Here se uitdruklike bevel. Daardeur het hulle die ewige dood verdien (Gen. 2:17). Die HERE openbaar Homself egter reeds in die tuin as die genadige God. In drie dinge wat Hy *sê*, skemer sy genade deur:

- In sy opsoekende liefde roep Hy na die mens: "Waar is jy?" (vs 9).
- In sy strafaankondiging aan die slang, die beliggaming van Satan, kom staan Hy aan die mens se kant en beloof Hy dat die Nageslag die slang se kop sal vermorsel (vs 15). Op indirekte wyse word die Verlosser die eerste keer belowe.
- Die HERE noem dat die vrou 'n nageslag sal hê en dit ten spyte daarvan dat ook sý die dood verdien (vs 15-16). Hierdie stuk genade te midde van oordeel sien Adam raak as hy sy vrou "Eva" noem, omdat sy die moeder geword het van almal wat lewe (vs 20).

Die HERE *doen* dan iets belangriks. Daarin kom sy genade uitdruklik na vore. Hy maak vir die mens en sy vrou rokke van vel en trek dit persoonlik vir hulle aan (vs 21):

- Die mens en sy vrou probeer om met skorte van vyeblare hulle skaamte en skuld teenoor die HERE te bedek. Dit help hulle niks. Nou verskaf die Here self vir hulle behoorlike klere. Hulle kan voor Hom bly staan ten spyte van hulle sondeskuld. Dit is profeties van Christus wat ons skuld bedek, sodat ons voor God kan staan.
- God maak rokke van vel, al kan Hy in sy almag uit niks of enigiets anders klere maak. 'n Dier moes sterf. Hierdie eerste offer vertel dat die mens alleen sal lewe ten koste van 'n ander lewe. Baie ander offers sou volg in die Ou Testament. Al die diereoffers wys vooruit na Christus se enige offer aan die kruis. Hy sterf, sodat ons kan lewe.

*Sing: Psalm 139-1:1*
*Prof. PP (Paul) Krüger (Emeritus)*